

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 53: Ha'azinu (הַאֲזִינוּ) – Luister!

*“Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.
 Deut.32:1 – PWL¹*

Torah : Deut. 32:1 tot 52

- ❖ **Die Lied Van Moses**
- ❖ **Deut. 32:1** – Bakoor Maak.
- ❖ **Deut. 31:2 en 3** – Laat Torah Jou Voed!
- ❖ **Deut. 32:4** – Yeshua, Die Rots.
- ❖ **Die Laaste Fesseisoen:** Profetiese Heenwysing Van Die Wederkoms.

Haftorah: 2 Samuel 22:1 tot 51 – Dawid Se Loflied en Danklied.

Hernieude Verbond: Open. 15:3; Efes. 5:26; Titus 3:5; Hebr. 10:22; 1 Kor. 10:4; 1 Pet. 2:6; Joh. 20:26 tot 21:25.

The value of life lies not in the length of days, but in the use we make of them – Michel de Montaigne.

The stories of past courage can offer hope, they can provide inspiration. But they cannot supply courage itself. For this each man must look into his own soul – JF Kennedy.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com

Midrash (Torah Bespreking)

Die Lied Van Moses

Hierdie laaste woorde van Moses is in die vorm van 'n profetiese lied (*shiyrah*). In parashah 52 (*Va'yelech*) het ons geleer dat hierdie die laaste opdrag aan Moses was en dat hierdie lied aan die kinders van Israel geleer moet word (Deut. 31:19 tot 22). In die dae van ouds was dit dikwels die gebruik om dinge wat van gemeenskaplike belang en besorgdheid was in die vorm van 'n lied te komponeer om as herinnering (getuie) op die lippe van die nageslag te dien. Vergelyk dit met wat Paulus aan die Kolossense geskryf het (Kol. 3:16 en 17).

Leer en onderrig mekaar in die Psalms (gedigte met instrumentale musiek), in lofsange en in liedere van die Gees en sing in julle verstand, wil en emosie met dankbaarheid tot God. Alles wat julle doen in woord of in daad, doen dit in die Karakter en Outoriteit (Naam) van ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een en gee dank aan God-die-Vader deur Hom (PWL)

Daarom is dit gebruik dat Joodse kinders *ha'azinu* (die lied van Moses) memoriseer met die doel om die lesse van hul voorgeslagte, veral die nutteloosheid van rebellie teen YHVH, by hulle in te skerp.

Die lied van Moses kan soos volg onderverdeel word:

- ❖ Deut. 32:1 tot 3 – die inleiding.
- ❖ Deut. 32:4 tot 18 – die getrouheid van YHVH en die ontrouheid van Israel.
- ❖ Deut. 32:19 tot 33 – die tugtiging en die strafoplegging van Israel.
- ❖ Deut. 32:34 tot 42 – YHVH se ontferming (medelye) en ingryping oor 'n vernederde en verslane Israel.
- ❖ Deut. 32:43 tot 47 – die slotsom

Geen ydele Woord nie!

Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul kinders moet beveel om versigtig te hou, al die woorde van hierdie wet, want dit is nie 'n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit. Deut. 32:46 en 47 – PWL.

In die 1933 Afrikaanse vertaling lees vers 47: *Want dit is geen vergeefse woord vir julle nie. Vers 47 bevestig dus dat daar geen ydele (vergeefse, nuttelose, veranderbare) woord in Torah is nie!! Daarom mag ons niks wegneem of byvoeg by YHVH se Torah nie (Deut. 4:2; Deut. 12:32; Open. 22:18 en 19)!! Let verder daarop dat hierdie woord is inderdaad julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit.*

Dit herinner ons aan Psalm 1 en Josua 1:8 dat die mens wat sy vreugde in Torah vind, om dit te hoor en te doen, welgeluksalig sal wees!

Die geskiedenis van Israel bevestig dat hierdie profetiese lied van Moses waar geword het en steeds besig is om waar te word. Verse 40 tot 47 bevat die belofte van redding en herstel. Daarom is dit 'n vreugdevolle lied, want ongeag wat met Israel (met ons) gebeur, sal bevryding en versoening tussen YHVH en Sy volk plaasvind en sal Israel oorwin!! Die lied van Moses, naamlik 'n lied soortgelyk as die lied van Moses, sal weer in die einde van dae gesing word (Open. 15:3).

Interessant is ook die feit dat die Lied van Moses en die Lied by die see (Exodus 15) op dieselfde wyse in die Hebreeuse teks verskyn, naamlik twee kolomme op een bladsy. Dit laat ons onmiddelik dink aan die twee klippe waarop die Torah geskryf was by Sinai, asook dat die hart van die mens twee 'kamers' het. Net so staan die Woord geskryf op twee berge: Ebal en Gerasim (Ex. 32:15 tot 16; Deut. 27:1 tot 4). Die twee kolomme in hierdie Lied van Moses, kom hiermee ooreen. Deut. 32:1 tot 14 verteenwoordig die seëninge en verse 15 tot 39 die vloeke.

Bespreek of Bepeins

1. Lees Deut. 32:46 en 47 saam met Joh. 10:10. Het Yeshua gekom sodat ons lewe in oorfloed kan ontvang deur vertroue in Hom as die eenmalige sondoffer, of deur vertroue en Torah-gehoorsaamheid?
2. Ons kan die sekerheid hê dat Deut. 32:34 tot 42 (YHVH se ontferming en ingryping oor 'n vernederde en verslane Israel) ook vervul sal word. Hoe naby is ons aan die vervulling van hierdie deel van die profesie?
3. Is hierdie profetiese lied net van toepassing op Israel of ook op "die kerk"? Is hierdie lied nie ook 'n getuigenis van die gebeure sedert die eerste eeu na Messias nie? Is die kerk besig om te ontwaak en terug te keer na Torah?

Deut. 31:1 – Bakoor Maak

Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor. Deut. 32:1

Die King James vertaling van hierdie vers lees: *Give ear, O ye heavens, and I will speak; and hear, O earth, the words of my mouth.*

Ha'azinu (אזינו) se grondwoord is *azan* (אזן) en beteken om bakoor te maak (Jou oor te 'vergroot' deur bakhand agter jou oor te maak). Dit beteken om as te ware jou oor te gee om te luister en te hoor. *Luister* in Hebreeus is *sh'ma* en is om met toegewyde aandag te hoor wat gesê word met die doel om te verstaan sodat dit gedoen kan word. In hierdie verband beteken dit om jou geestelike ore oop te maak – om ontvanklik te wees vir die Woorde van YHVH en om 'n leerbare gees te hê.

Volgens die wysgere hou *luister* (*azan*) verband met iets wat naby is en *hoor* (*sh'ma*) hou verband met iets wat vêr is. Daarom verwag ons dat *luister* na die aarde wat naby is, sou verwys en *hoor* na die hemel wat vêr is. Tog gee vers 1 dit andersom. Hoekom? Want Moses was nader aan die hemel as die aarde. Hoe is dit moontlik? Elkeen wat YHVH liefhet met sy hele hart, verstand en liggaam (Torah-gehoorsaam lewe) beweeg al nader aan die Hemelse dinge en verder weg van die dinge van die wêreld (Heb. 11:13; 1 Pet. 2:11; Fil. 4:8; Kol. 3:2;

Rom. 12:2). So 'n persoon is besig om die Koninkryk hier op aarde te help vestig. As te ware om die aarde nader aan die hemel te bring – eendag sal daar hemel op aarde wees – gedurende die Millennium (die Messias Ryk)!!

Die gebruik van *ha'azinu* in verband met die Hemel en *sh'ma* met die aarde, verwys ook na die Verbond wat deur YHVH uit die skatkamer van die Hemel gegee is en dat ons op die aarde dit ontvang het om deur gehoorsaamheid die lewe in oorvloed te kan ervaar (Joh.10:10 – Yeshua, die Lewende Torah, is ons oorvloed).

Wat ookal op die aarde volgens YHVH se wil plaasvind, het sy oorsprong by Hom. Die beantwoording van gebed is dus die kragtige uitwerking van die Hemelse realm hier op aarde. Ons maak ons ore oop vir Sy Woord (luister, hoor) wat in die Hemel gespreek is en gaan doen dit (*sh'ma; sh'mar, asah*) en dan luister (hoor) ons Vader na ons gebede wat daardie woorde en daede bevat wat ons tot Hom spreek. Ons is afhanklik van die Hemelse versorging hier op die aarde! **Dit behels gehoorsaamheid!!** Onthou Spr. 28:9 – wie sy oor wegdraai om nie na die Torah te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel!!

Bepeins of Bespreek

1. Ons almal wil graag Vader-God se stem hoor, veral t.o.v. (ongeskrewe) dinge wat ons persoonlike lewe aangaan. MAAR: Ons hoor nie eers altyd die dinge wat Hy vir ons geskryf het nie!! Hoe kan ons verwag om Vader se stem te hoor as ons moedswillig ongehoorsaam is aan dit wat Hy geskryf het? Hoe kan ons seker wees dat dit die Vader (Afgesonderde Gees) se stem is wat ons hoor, wanneer ons moedswillig ongehoorsaam is? Is dit dan nie dalk 'n ander stem wat ons hoor of na luister nie, of dalk ons eie wil, denke en emosie??!!
2. Is ons so getrou aan ons roeping soos wat Moses getrou was aan sy roeping ten spyte van 'n ondankbare, murmurerende, ongehoorsame volk? Sal ons laaste woorde ook soos die van Moses 'n lied wees? Verwys ook in die verband na ons Haftorah – die loflied en danklied van Dawid.
3. Is ons so Torah-ywerig soos Moses. Om deeglik in Torah onderrig te wees neem tyd en dissipline van daaglikse toegewyde studie (2 Tim. 2:15; 2 Tim. 3:16 en 17; 1 Kor. 9:24 tot 27). Die water van die Woord bring groei tot geestelike volwassenheid. Hoeveel tyd spandeer jy in YHVH se Woord? 'n Sportman bereik sy beste slegs deur daaglikse ure lank te oefen en 'n gedissiplineerde leefwyse te volg. Deut. 32:2 – *Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie.* Verwys Jes. 55:10 en 11 en Hos. 10:12. Die basis van ons kennis van, en van ons verhouding met YHVH is Sy geskrewe Woorde. Onthou Paulus se woorde aan Timotheus: *Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid.* 1 Tim. 4:7
4. Daar is niemand so doof as die een wat nie wil hoor nie en wat deur tradisie verblind (verdoof) is. Onthou die gelykenis van die drabok – vals koring (vals woord) wat 'n susmiddel is (Matt. 13:24 tot 30). 'n Skrywe oor die gelykenis van die koring en die onkruid kan afgelaai word deur op die volgende skakel te klik: <http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2012/04/GB1.11GelykenisOnkruid.pdf>

The Scriptural meaning of peace never denotes the absence of trouble. Peace is not the absence of negatives but the presence of positives. YHVH's peace is inward and spiritual

and never predicated by contrary circumstances or negative events. Neither poverty, sickness, death, nor debt, can override internal peace!

Deut. 31:2 en 3 – Laat Torah Jou Voed

Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie, want ek verkondig die Naam van יהוה; reken grootheid toe aan ons God! Deut. 32:2 en 3 – PWL.

Moses vergelyk Israel met die gras en Torah met die lewendgewende water wat die gras voed. Torah is soos sagte deurdringende reën wat die grond ontvanklik maak vir die goeie saad van die Landbouer en wat die goeie saad (Torah) laat groei. Paulus gebruik ook 'n soortgelyke sinnebeeld in 1 Kor. 3:6 tot 8: *Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei. So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei. Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een,....*

Ons moet daagliks met Torah-gevoed word. Dit is die waterbad van die Woord waarmee ons gereinig en geheilig word (Ef. 5:26). Wanneer ons van hierdie water drink, sal ons nooit weer dors word nie en sal strome lewende water uit ons binneste vloei.

maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. Joh. 4:14

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. Joh. 7:38

Torah is die dou en die reën wat ons gees en siel voed sodat ons tot geestelike volwassenheid kan groei. Verwys Matt. 5:48 – wees volmaak (*teleios*), naamlik volmaak in karakter en hoedanighede.

Roep die Naam van YHVH uit – proklameer en publiseer dit! (Deut. 32:3) Hoeveel Christene ken die ware Naam van Vader-God en die van Sy Seun? Dit is hierdie Name aan wie daar weer grootheid gegee moet word, want dit bevat die outoriteit, karakter en hoedanighede van YHVH en van Yeshua.

Bepeins of Bespreek:

1. Neem dit ons nie ook maar 'n leeftyd om Vader te leer ken in al Sy fasette en ten opsigte van al Sy hoedanighede nie? Stem ons persepsie van God ooreen met Sy Naam en wat Torah ons leer? Wanneer laas het ons gebewe – met eerbiedige ontsag voor Hom gebuig – wanneer ons Sy Naam en stem hoor?
2. Ons moet let op ons woorde wanneer ons met mense praat? Gooi ons hulle soms met emmers water, terwyl hulle slegs reg is vir die dou van YHVH se Woord (Torah)? Onthou daar is mense wat nog nie gereed is om te ontvang wat ons het om te gee nie!
3. Soos Paulus is ons saaiers van YHVH se Woorde. Watter saad saai ons? Torah-saad of draboksaad?

4. Torah is YHVH se onderrig en instruksies en is die waarheid wat ons vrymaak, want dit leer ons om te onderskei tussen reg en verkeerd, tussen rein en onrein, asook tussen heilig en onheilig. Ons taak is om die waarheid te soek en dit self te bevestig deur dit te doen. Dit is om te eet van die Boom van Lewe!

People do not believe lies because they have to, but because they want to – Malcolm Muggeridge.

The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth – Pierre Abelard.

5. Die grootste misleiding is die misleiding van eie-geregtigheid (Rom. 10:2 en 3). Voorbeeld: Vergelyking van kerswas en potklei in son – dieselfde son (die Woord) het verskillende reaksie tot gevolg – potklei word hard en kerswas word sag. Wat is jy en ek, potklei van hardkoppigheid (eie geregtigheid) of die kerswas wat deur die Woord sag word om gevorm te word tot ‘n kers wat kan brand en die lig van YHVH se geregtigheid uitstraal?

Deut. 32:4 – Yeshua, Die Rots

Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; ‘n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy. Deut. 32:4 – PWL.

Sy metodes is YHVH se besluite, oordele, beslissings (*mishpatim – judgments, strafgerigte*) en is regverdig. Onthou: YHVH se wette en beslissings kanselleer enige ander wet en besluit wat nie in lyn is met Syne nie. YHVH is die Oppergesag – Hy is die wetgewer.

Yeshua is die fondament waarop ons ons geloofslewe bou (1 Kor. 3:10 tot 15). Die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal is volkome. Die sement en boustene van hierdie fondament is die lewende Torah. Dit is die rots waarop die fondament gebou word en wat staande in die storms sal bly (Luk. 6:48 en 49).

Dikwels in die aangesig van teenspoed en hartseer word ons “verlei” om uit te roep “Hoekom?” in plaas daarvan om op daardie onbeweegbare Rots (Yeshua Messias) te staan. Teenspoed is dikwels ‘n bedekte seën. Dit wat ons graag wil hê (voor vra en bid) is nie noodwendig altyd beter vir ons nie. Hoe weet ons dit sal beter vir ons wees? Omdat ons dit so wil hê? Indien iets beter vir jou en my sou wees, dan sal Vader dit tog vir ons gee, want Hy is *vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy*. Beteken dit ons moet ophou om ons omstandighede te wil verbeter? Moet ons al die beloftes van Vader se seëninge vergeet? Nee, maar ons moet ook besef dat soms is ons huidige omstandighede beter vir ons soos dit is. Verwys Kol. 3:15; 1 Thess. 5:16 tot 18; Fil. 4:7. Alles werk ten goede mee vir die wat die Vader liefhet (Rom. 8:28).

Dikwels gee ons Satan die skuld vir ons omstandighede. Deur dit te sê, onthef ons onself van eie moontlike aandeel (aanspreeklikheid) en sê ons indirek dat Satan magtiger as YHVH is. Onthou: Ons kan Satan alleenlik effektief weerstaan deur gehoorsaamheid aan Torah (Jak. 4:7).

Bepeins of Bespreek

1. Moet ons nie in moeilike tye eerder die gesindheid van ‘n Dawid openbaar nie? Verwys 2 Sam. 22:1 tot 7 en Psalm 18.

In these days of reflection and returning to Him, come to the Lord with all your heart, mind, soul, and strength. His arms are wide open. Turn and run to the One who is the Rock of our Salvation!

Die Laaste Feesseisoen: Profetiese Heenwysing Van Die Wederkoms

Die einde van die jaarlikse Torahskriflesing val saam met die laaste drie bestemde afsprake (feestye) van Vader-God. Daarom is dit noodsaaklik om die betekenis hierdie Bestemde Tye met betrekking tot die einde van dae te ondersoek.

Gelowiges is eenstemmig dat die laaste drie Bestemde Tye van die jaarlikse siklus 'n heenwysing na die wederkoms van Messias is. Die betekenis en verband tussen hierdie drie feeste kan kortliks ondermeer soos volg opgesom word:

- ❖ Yom Teruah (Fees van Basuin) bring berou. Die ontwaking en besef van ons ongeregtighede! Die geboortedag van Yeshua Messias.
- ❖ Yom Kippur (Versoendag) bring vergifnis en versoening, maar ook oordeel oor die wat YHVH se genade in Yeshua verwerp het, asook YHVH se Torah.
- ❖ Sukkot (Fees van Tabernakels) bring vreugde van verlossing en oorwinning.

Hierdie laaste drie Bestemde Tye is die finale fase in YHVH se plan van herstel. Daar bestaan egter meningsverskille oor die hoe en die wanneer. Dit is veral die lering oor die wegraping en die verskyning van die Anti-messias wat hewig gedebateer word, asook oor wanneer die wederkoms van Yeshua sal plaasvind. Maar laat ons in hierdie debat konsentreer wat Paulus in sy tweede brief aan die Thessalonicense skryf oor wie die verskyning van die Antimessias teëhou. Die voorstanders van die wegraping behoort veral hiervan kennis te neem:

Hy Wat Nou Teëhou

Lees 2 Thess. 2:1 tot 10 aandagtig en let veral op verse 6 en 7 waar Paulus na die Antimessias verwys.

Nou weet julle wát beheer sodat hy op sy aangewese tyd openbaar kan word, want die geheime van die wetsoortreders is alreeds aktief aan die werk, net totdat hy wat nou beheer, verwyder word (PWL).

En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is (1933 Vertaling)

Na wie verwys Paulus met die woorde: *wat hom teëhou* en *hy wat nou teëhou*? Ongeag die standpunt oor die wegraping is dit volgens 2 Thess. 2:6 tot 10 duidelik dat daar een is wat die verskyning van die Anti-messias teëhou en eers uit die weggeruim (weggeraap?) moet word voor hy geopenbaar word. Die vraag is dus wie is hy wat die verskyning van die Anti-messias teëhou en eers uit die weggeruim moet word? Wat is die uitstaande kenmerk(e) van die een wat hom teëhou, veral gesien in die lig van hierdie teksverse? Indien die siening aanvaar

word dat dit die kerk is wat weggeraap gaan word voor die Anti-messias openbaar gemaak sal word, dan moet ons ‘n definisie kan gee van wie die kerk is.

Eerstens moet ons verstaan dat die woord *kerk* nie in die oorspronklike Skrifte (Bybel) voorkom nie. Die Griekse woord wat ondermeer in teksverse soos Matt. 16:18, Hand. 2:47 en vele ander teksverse gebruik word, en in sommige vertalings as *kerk* vertaal word, is *ekklesia* en beteken: *gemeente, vergadering, byeenkoms en uitgeroepes*. Hierdie woord het ‘n soortgelyke betekenis as die Hebreeuse woord *qahal* wat ondermeer in Ex. 12:3 en Num. 20:6 gebruik word. Die konsep van *kerk* is dus nie nuwe testamenties nie, maar wel ‘n voortsetting van die vergadering (gemeente, uitgeroepes) van die ou verbond. Toe Yeshua Messias in Matt. 16:18 aan Petrus gesê het: *op hierdie rots sal Ek my gemeente bou*, het Hy nie verwys na die beplande stigting (begin) van ‘n “nuwe testamentiese kerk” waarvan Petrus die hoof sou wees nie. Nee, die gelowiges sou steeds as *die vergadering (uitgeroepes) van Israel* beskou word, maar nou met Yeshua Messias as Koning en Ewige Hoëpriester.

Die gemeente (vergadering) van Handeling 2 was dus nie die begin van die “kerktydperk” nie, maar die voortsetting van ‘n Torah-gebaseerde geloof met Hebreeuse wortels. Die enigste verskil tussen die vergadering (gemeente) van die ou- en nuwe (henieude) verbond moet dus gevind word ten opsigte van die rol van Yeshua Messias in beide verbonde.

In die verband moet ons die woorde van Yeshua onthou:

Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig - Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? Joh. 5:45 tot 47

Moses het in die Torah (die wet) van Yeshua Messias geskrywe en daarom is Torah ‘n heenwysing na Yeshua en YHVH se verlossingsplan deur Yeshua. Bevestiging hiervan vind ons ook in Yeshua se gesprek met die Emmaüsgangers:

En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het. Luk. 24:27.

Ons lees ook in Joh. 1:46 die volgende:

Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.

Yeshua Messias is die onderrig en instruksies van YHVH, naamlik Sy Torah (die wet). Torah is die woord van YHVH en wat reeds van die begin af by YHVH was (Joh. 1:1) en wat vlees geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1:14). Elke faset van die Torah (die wet wat ook Moses genoem word) is ‘n heenwysing na Yeshua Messias en van YHVH se verlossingsplan. Yeshua en YHVH se Torah is dus onlosmaakbaar met mekaar verbind – dit vorm ‘n eenheid en is onveranderlik.

Die Anti-messias

Met bogenoemde in gedagte kan ons nou kyk na Paulus se tweede brief aan die Thessalonicense waar hy hulle herinner dat die wederkoms van Messias voorafgegaan sal word deur geloofsversaking (afvalligheid) alvorens die Anti-messias geopenbaar sal word (2 Thess. 2:3). Paulus beskryf die Anti-messias as *die mens van sonde, die seun van die vernietiging, die teëstander en die wettelose*, asook as iemand wat homself sal *verhef bo al*

wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.

Volgens 1 Joh. 3:4 is sonde wetteloosheid.

Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Die King James vertaling stel dit soveel duideliker, naamlik: *Whosoever committeth sin transgresseth also the law: for sin is the transgression of the law.* Sonde is dus die oortreding van YHVH se wet, naamlik van Sy Torah.

Paulus beskryf die Anti-messias as die mens van sonde en die wettelose. Dit beteken dat die Antimessias ook anti-Torah sal wees, naamlik die teëstander van Torah. Hy sal die onderrig en instruksies (die wet) as uitgedien beskou en verkondig dat die mens daarvan bevry is. Hy sal YHVH se wet doelbewus oortree. Die *Complete Jewish Bible* stel dit soos volg:

*For the day will not come until after the apostasy has come and the man who **seperates himself from Torah** has been revealed, the one destined for doom.*

Die Anti-messias sal ‘n **gees van ongehoorsaamheid hê** (Ef. 2:2) en dit is na hierdie gees wat Daniël verwys:

*En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer **om tye (Feestye van YHVH) en wet (Torah) te verander**, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende ‘n tyd en tye en die helfte van ‘n tyd.*
Dan. 7:25

Paulus herinner die Thessalonicense egter aan wie die Anti-messias teëhou sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word, asook daaraan dat die wetteloosheid (ongeregtigheid, oortreding van die wet, die verwydering van die wet) reeds in die geheim aan die werk is totdat hy wat nou teëhou uit die weg geruim is (vers 6 en 7). Let wel: Paulus skryf dat die wetteloosheid, naamlik dit wat anti-Torah is, reeds op ‘n heimlike (slinkse, geheimsinnige) wyse aan die werk is. In die *Complete Jewish Bible* word dit soos volg vertaal:

And now you know what is restraining, so that he may be revealed in his own time. For already this separating from Torah is at work secretly, but it will be secretly only until he who is restraining is out of the way.

Wat is hierdie verwydering (skeiding) van Torah wat reeds heimlik aan die werk is? Wie is besig om gelowiges van Torah te skei en verwydering tussen Torah en die mens op slinkse wyse te bewerkstellig? Dit is diegene wat verkondig dat gelowiges vry van die wet is, naamlik die kerk!! Hulle wat sê dat die Shabbat opgehef is en die feestye van YHVH as ou testamenties afmaak en dat elkeen kan eet wat hy wil; dit is hulle wat wetteloosheid, naamlik “Torahloosheid” (sonde) goedpraat.

Hierdie is nie die mense wat die Anti-messias teëhou nie!! Nee, dit is juis hulle wat hom sal verwelkom omrede hy dit sal verkondig wat hulle glo, naamlik dat YHVH se wet (Torah) opgehef is en dat hulle daarom vry van die wet is!!

Wie is dus diegene wat uit die weg geruim gaan word (weggeraap gaan word?) sodat die Anti-messias sy verskyning kan maak? Dit is die wat deur geloof in Yeshua gered is en wat Torah-gehoorsaam lewe!! Diegene wat YHVH se Torah verwerp, is diegene wat hier sal wees om die Anti-messias te verwelkom en hulle aan hom te onderwerp.

Bepeins of Bespreek

1. Wat sal die duidelikste onderskeid wees tussen Yeshua Messias en die Anti-messias? Sal dit wees ten opsigte van Torah-gehoorsaamheid?
2. Is 2 Thess. 2:1 tot 12 bewys van 'n wegraping? Is dit bewys dat die wat vertrou het in Yeshua as die sondoffer en Torah-gehoorsaam lewe die Groot Verdrukking sal vryspring?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Haftorah: 2 Samuel 22:1 tot 51 – Dawid Se Loflied En Danklied

En Dawid het die woorde van hierdie lied tot Yahweh gepraat op die dag toe Yahweh hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Shaúl. 2 Sam. 22:1 – Woord en Getuienis.

In die Torah gedeelte van hierdie week se parashah het ons geleer van die lied van Moses en in ons Haftorah gedeelte leer ons van Dawid se lof- en danklied. Die verband tussen die Torah en Haftorah Skriflesings is dus duidelik. Hierdie Haftorah word ook gelees gedurende die tyd van die laaste feesseisoen wat 'n profetiese heenwysing van Yeshua se wederkoms is, asook van YHVH se oordeel en van die Millennium (Messias Ryk). Vir die gelowige in Yeshua wat die getuienis van Torah-gehoorsaamheid het, is die laaste feesseisoen ook 'n lied van lof en danksegging.

Die woorde van Dawid se lied in 2 Sam. 22:1 tot 51 stem tot 'n groot mate ooreen met Psalm 18 wat ook 'n danklied van Dawid na die oorwinning oor sy vyande is.

Die regverdige sal altyd baie vyande hê, asook dikwels teenspoed ondervind, maar kan verseker wees dat YHVH hom altyd sal red!

Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red YHVH hom. Ps. 34:20

En YHVH sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlijkheid tot in alle ewigheid! Amein. 2 Tim. 4:18

In tye van benoudhede roep ons hardop tot YHVH en daarom moet ons in oomblikke van onverdiende guns ook hardop YHVH met 'n lof- en danklied prys.

Dawid se fokus was nie op sy vyande nie, maar op YHVH se onverdiende guns van redding, beskerming en voorsiening. Dit het Dawid reeds vroeg in sy lewe as skaapwagter geleer toe YHVH hom gered het uit die klou van die leeu en die beer en toe hy Goliat verslaan het. Dawid het YHVH as sy getroue Verbondsgod geken en hy het die doel en betekenis van 'n verbond verstaan. Op grond van die verbond met YHVH het Dawid die vertrou gehad om Goliat aan te durf. Hierdie feit is veral duidelik in Dawid se optrede teenoor Goliat soos dit opgeteken staan in 1 Samuel hoofstuk 17.

In 1 Samuel 16:18 word daar na Dawid verwys as 'n dapper held en krygsman wat wel ter tale en mooi is. Dawid self beskryf sy dapperheid aan Saul toe hy hom mededeel dat hy as skaapwagter die leeu en beer wat die skape steel man alleen van kant gemaak het (1 Sam. 17:34 tot 36). Dawid was in sy gemoed oortuig dat YHVH hom op dieselfde wyse sou bystaan wanneer hy Goliat aandurf.

Verder sê Dawid: YHVH wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn. 1 Sam. 17:37

Wat was die oorsprong van Dawid se dapperheid? Hoekom het Dawid kans gesien vir die leeu, die beer en selfs vir Goliat? Die antwoord is baie eenvoudig: Dawid het geweet dat hy deel is van die verbond wat God met Israel het. Hy het derhalwe die beloftes en voorregte van hierdie verbond verstaan. Daarom het hy geweet dat enige iets of iemand wat nie in hierdie verbondsverhouding staan nie, ‘n vyand van God is.

Dawid kon derhalwe op God se beskerming en ondersteuning staatmaak, want Goliat en die Filistyne het buite die verbond met God gestaan. Dat Dawid dit so ingesien het, is duidelik uit sy woorde aan die manskappe van Israel, Saul en selfs aan Goliat:

Daarop het Dawid die manne wat by hom staan, gevra en gesê: Wat sal met die man gebeur wat hierdie Filistyn verslaan en die smaad van Israel wegneem? Want wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die slagordes van die lewende God durf uitdaag? 1 Sam. 17:26.

U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan, en met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan soos met een van hulle, omdat hy die slagordes van die lewende God uitgedaag het. 1 Sam. 17:36

Deur dat Dawid telkens na Goliat verwys as die “onbesnede Filistyn”, sê hy inderwaarheid: “Goliat die een sonder die verbond met God”. Wat dit vir Goliat inhou, is duidelik volgens die woorde van Dawid aan hom:

Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van YHVH van die leerskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal YHVH jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leer van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel ‘n God het. Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat YHVH nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan YHVH, en Hy sal julle in ons hand gee. 1 Sam. 17:45 tot 47.

In vers 47 sê Dawid dat hierdie nie ‘n stryd tussen hom en Goliat is nie, maar ‘n stryd tussen YHVH en Goliat. Dawid is bloot die instrument in God se hand. YHVH behaal nie die oorwinning met die swaard nie, maar deur middel van sy dienaar Dawid wat die verbondbeloftes en -betekenis ken.

Maar, YHVH het Dawid van sy vyande gered omrede Dawid ook die voorwaardes van die verbond nagekom het.

En Hy het my uitgelei in die ruimte, Hy het my gered, omdat Hy behae in my gehad het. Yahweh het met my gehandel na my geregtigheid; na die reinheid van my hande het Hy my vergeld. Want ek het die weë van Yahweh gehou en nie in afvalligheid van my Elohiem afgewyk nie. Want al sy verordeninge was voor my, en sy insettinge – daar het ek nie van afgewyk nie. Maar ek was opreg voor Hom, en ek was op my hoede vir my ongeregtigheid. So het Yahweh my dan vergeld na my geregtigheid, na my reinheid voor sy oë. 2 Sam. 22:20 tot 25 – Woord en Getuienis.

Bepeins of Bespreek

1. Ons lees in 2 Sam. 22:1 aangaande Dawid dat hy op dieselfde dag wat YHVH hom van sy vyande gered het die woorde van hierdie lied tot YHVH gespreek het. In die verband skryf Henry Matthew (Complete Commentary on the Bible) die volgende:

We ought to be speedy in our thankful returns to God: In the day that God delivered him he sang this song. While the mercy is fresh, and our devout affections are most excited by it, let the thank-offering be brought, that it may be kindled with the fire of those affections.

In die verband moet ons ook die volgende waarheid onthou: *Joy is the simplest form of showing gratitude.*

2. Saul het Dawid gehaat tot die mate dat hy hom wou doodmaak, en tog het Dawid nie Saul as vyand beskou nie. Is daar die ‘vyande’ wat ons moet ‘doodmaak’ en dan ook die ‘Sauls’ in ons lewens wat ons aan YHVH oorlaat om ooreenkomstig Sy besluit en op Sy tyd te oordeel?
3. Ons kan die geloof van Dawid hê omrede ons ook in ‘n verbondsverhouding met YHVH staan. Maar as ons soos Dawid ook ‘n lof- en danklied wil sing omrede ons vyande verslaan is, dan moet ons, ook soos Dawid, Torah-gehoorsaam lewe.

We shall have eternity in which to celebrate our victories, but we only have one swift hour before sunset in which to win them! – Anonymous

-0-0-0-0-0-0-0-0-0-

Shalom tot volgende keer.

Johan

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.